

12 LENTBESLUIE

4 TOT 10 MAART

4. EK SAL DIE PYN WAT VIR MY GOED IS NIE ONTDUIK NIE.

As 'n mens met trane saai, sal jy met groot vreugde oes. Al is daar trane by die uitdra van die saadkoring, sal daar vreugde wees by die indra van die gerwe.

(Ps 126:5-6 LB)

Laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het.

(Heb 12:1-2)

Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

(Fil 3:10-11 NV)

Don't run from suffering; embrace it. Follow me and I'll show you how.

(Luk 8:23 Mes)

Dit is aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.

(Fil 1:29)

God disciplines us for our good, in order that we may share in his holiness. No discipline seems pleasant at the time, but painful. Later on, however, it produces a harvest of righteousness and peace for those who have been trained by it.

(Heb 12:10- 11 NIV)

Don't look for shortcuts to God. The market is flooded with surefire, easygoing formulas for a successful life that can be practiced in your spare time. Don't fall for that stuff, even though crowds of people do.

(Mat 7:13 Mes)

En by wie op rotsagtige plekke gesaai is—dit is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem; maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom ter wille van die woord, struikel hy dadelik.

(Mat 13:20-21)

Toewyding het met pyn te doen.

Want jou redding het met pyn te doen. Jesus was bereid om te ly sodat jy gered kan word.

Hy het een van sekerlik die grootste wette van die lewe kom illustreer, dat trane altyd die prys vir ware vreugde is. En hoe groter die beloning, hoe groter die prys wat betaal moet word.

Jesus het nie net in jou plek gely nie, maar ook om jou in staat te stel om sóós Hy te kan ly. Om jou te help om die prys te betaal wat elke ding wat die moeite werd is vereis.

Volgelingskap, dissipline sonder pyn is 'n onmoontlikheid. In elke taak, elke droom, elke uitdaging, elke verhouding van jou lewe word van jou 'n stuk pyn verwag. Pyn, ongemak, opoffering, dapperheid, waagmoed, volharding, verwerping...

Dit begin elke dag met die pynlike besluit om van jou eie agenda af weg te draai en stil te word voor God. Soos jou eie aanhoudende Getsémane.

En dan te leer om te leef met die Paasmisterie, die pardoks van pyn wat vreugde bring. Die geheim dat dié dood eintlik die lewe is.

Is daar tans pyn, soos siekte, teleurstelling, verlies of verhoudingspyn, wat jou van God af wil wegdryf? Wil jy dit nie in gebed vir Hom gee nie? Hy belowe sy nabyheid, ook in hierdie soort pyn.

Is daar ander pyn waarvan jy tans wegdeins, miskien 'n agterstallige telefoonoproep, konflikhantering, die uitstel van 'n moeilike taak, of die begin en aanhou met 'n nodige dissipline?

Hou hierdie week die simbool van pyn, die kruis, naby jou, en word herinner aan die Paasmisterie.

Here, dankie dat u pyn my redding bewerk het. Help my om nie weg te deins van die pyn wat vir my nodig is nie. Amen